

### **Beleidenis van betrokkenheid by kulte (666)**

Vader ek kom bid hierdie gebed vir myself, my saad en my deeltjies en almal wat ek in die gees verteenwoordig in alle tyd, spasie en dimensie.

1. Hemelse Vader, ek kom staan voor U, deur U seun Yeshua wat vir my aan die kruis gesterf het.
2. Ek loof U dat Yeshua al my sonde en ongerechtigheid weggewas het met Sy bloed aan die kruis op Golgota.
3. Ek erken vandag my sondes van afgodery, aanbidding van voorvadergeeste, waarsêery en heksery waaraan ek en my generasies voor my skuldig is.
4. Vader, ek staan skuldig voor U. Vergewe my asb dat ek kennis wou bekom deur gebruik te maak van demoniese mediums en sataniese priesters.
5. Ek belei dit as sonde dat ek raad en rigting gesoek het van familiêre geeste, dooie geeste, waarsêery deur dooie geeste, die sterre voorspel, sangomas en sogenaamde heldersiendes.
6. Vader, vergewe my asb ook waar ek mense doodgemaak en getoor het deur heksery en deur die dinge wat ek oor en van hulle gedink en gesê het. Wees my genadig, YHVH.
8. Vader ek het ook mense se sukses van hulle gesteel deur die dinge wat ek oor en van hulle gesê het. Met vloeke het ek hulle ook betower. Ek vra U vergifnis.
9. Voor U is ek ook skuldig aan moord en bloedvergieting. Vergewe my asb vandag vir elke persoon wat ek in woord en/of daad dood gemaak het in die vlees of gees.
10. Vader, vergewe my dat daar 'n sataniese 666 priesterskap in my bloedlyn opgerig is. Ek en my voorvaders het U ontroon en U gebooie gebreek, vergewe my asb.
11. Vader, deur geslagte is ons opgerrig om uit Satan se koninkryk te dink, te praat en te leef en vandag sien ek die 666 vrug hiervan in my lewe. Ek smeek U om genade, want hierdeur het ons deure oopgemaak vir geeste van waarsêery, heksery en toordery in ons bloedlyn.
12. Ek belei enige en alle betrokkenheid in afgodery, toordery, waarsêery en die okkulte deur myself of my voorvaders en kanselleer dit in die naam van Yeshua.
13. Deur die bloed van die Lam sny ek myself los van al die sondes en ongerechtigheid van my voorvaders.

14. Ek kies ook vandag om my rug te draai op my betrokkenheid by waarsêery, toordery, afgodery en heksery in die kragtige naam van Yeshua.

15. Alle negatiewe getuienis teen my in die dieptes van die aarde, onder die waters of in die hemele wat aan Satan wettige reg gee oor my lewe en toekoms as gevolg van heksery en waarsêery, brand ek nou met die vuur van die lewende God. En saam met dit kanselleer ek alle negatiewe uitsprake van hierdie getuienis oor my lewe en toekoms.

### **Demoniese verbonde**

1. Vader, ek belei elke verbond, ooreenkoms en eed wat ek of my voorvaders, wetend of onwetend, met Satan gesluit het.
2. Ek kom vra vergifnis vir elke verbond wat ek of my voorvaders gesluit het met familiêre geeste, voorvader geeste, water geeste, geeste van waarsêery, slang geeste asook geeste van heksery.
3. Vader, ek kom belei ook elke ooreenkoms, eed en verbond wat ek of my voorgeslagte gesluit het met sataniese priesters, waarsêers, sangomas, mense betrokke in die okkulte asook toordokters.
4. Vader, vergewe my asb en was my met U bloed.
5. Ek kies vandag om te breek met alle sonde, 666 verbonde, toewydings, inisiasies en ede van my voorvaders, wat deur die bloedlyn van my pa en ma na my kant toe gekom het.
6. Ek kanselleer elke negatiewe 666 verbond wat my voorouers of ouers of enige familielid namens my gemaak het.
7. En daarom kom kanselleer ek vandag elke 666 verbond met voorvader geeste, rasse groep geeste, territoriale geeste, water geeste, geeste van waarsêery, slang geeste en geeste van heksery. Ek vernietig elke verbond met die bloed van die Lam en ontkoppel my lewe en toekoms van hierdie verbonde in die Naam van Yeshua.
8. Ek verklaar dat elke teken van hierdie 666 verbonde in my lewe, wat teen my getuig en my voorsiening terughou, gekanselleer is in die naam van Yeshua.
9. Met die vuur van YHVH kom vernietig ek ook elke 666 mantel en kledingstuk wat die familiêre geeste op my bloedlyn geplaas het.
10. Vader, ek vra dat U sal ingryp en elke mantel van vernedering, skaam kry en armoede wat oor my bloedlyn geplaas is, sal verwijder.

### **Bloed verbonde**

1. Vader ek kom belei elke 666 bloed verbond wat ek of my voorvaders gesluit het met Satan en sy agente.
2. In die naam van Yeshua sny ek elke 666 bloed verbond af wat deur die bloedlyn aan my oorgedra is.
3. Ek kom smeer die 777 bloed van die Lam aan elke 666 bloedverbond wat met voorvader geeste, familiêre geeste, heksery geeste, geeste van waarsêery of slang geeste, territorial geeste en rasse groep geeste in my familie of plek van geboorte gesluit is.
4. Ek kom kanselleer en verklaar elke 666 bloed offer nietig, wat deur my familie, of namens my familie gemaak is.
5. Ek kom vernietig ook elke 666 krag en mag wat in my bloedlyn bekom is deur diere en mense te offer. Ek verklaar dat die houvas wat die 666 bloedoffer op my lewe en toekoms het gebreek is in die naam van Yeshua.
6. YHVH, laat U teenwoordigheid in my lewe al meer en meer word. Ek vra dat die bloed van Yeshua elke 666 gevangeniskap en bloed verbond in my lewe sal kanselleer.
7. Ek onttrek elke druppel van my bloed wat geoffer is op 'n 666 altaar van Satan of aan 'n slang gees in die naam van Yeshua.
8. Ek verklaar in die naam van Yeshua dat my lewe en toekoms vry is van elke 666 altaar van heksery, waarsêery en toordery in die lug, aarde en water.
9. Ek sny my ook los van elke 666 bloed verbond wat ek geërf het en beveel elke teken daarvan in my lewe om vernietig te word deur die vuur van YHVH.

### **Voorvader altare**

1. YHVH, ek nooi U om meer en meer te word in my lewe, kom vul my met U krag en sterkte. Ek het U nodig.
2. Ek verklaar dat elke 666 familie altaar wat my lewe manipuleer en my toekoms beheer nou platgeslaan word deur die krag van YHVH.

3. Ek verklaar dat elke 666 naelstring wat my aan enige altaar van my pa en ma se bloedlyn vasbind, nou gesny word met die swaard van Yeshua.
4. Ek verklaar dat enige huweliksooreenkoms tussen my, my toekoms en enige 666 altaar van my pa en ma se huis nou vernietig is in die naam van Yeshua.
5. Vader, ek verklaar ook 'n breek met alle skakels en kettings wat my toekoms vasbind aan enige 666 altaar wat my voorouers opgerig het. Deur die bloed van die Lam breek ek ook met elke 666 ritueel en seremonie wat rondom hierdie altare gedoen is.
6. Ek vernietig elke 666 eed en belofte wat my voorvaders gemaak het en op hierdie altare geplaas het namens my.
7. In die naam van Yeshua, ontrek ek my lewe en toekoms van die manipulasie en houvas van 666 altaare. Ek verklaar dat my liggaam, siel en gees vry is van enige invloed wat hierdie 666 altaare nog op my lewe en toekoms mag hê.
8. In die naam van Yeshua verklaar ek dat ek niks te doen wil hê met enige toewyding van my lewe aan voorvader geeste nie. En ek kanselleer enige sulke toewydings en 666 verbonde deur die bloed van die Lam.
9. In die naam van Yeshua verklaar ek ook dat enige verbond en toewyding van myself en my toekoms aan watergeeste gebreek is. Ek verbreek elke 666 verbond wat my voorvaders met watergeeste gesluit het. En hiermee kanselleer ek ook elke 666 verbond waar ek reeds voor my geboorte aan water geeste toegewy is.
10. In die naam van Yeshua breek ek elke 666 altaar van heksery, waarsêery en toordery wat in my pa of ma se huis opgerrig is. Ek beveel elkeen van hierdie 666 altaare om te breek in die naam van Yeshua.
11. YHVH ek vra dat U swaard van vuur alle 666 geeste wat aan hierdie altare verbind is en my lewe daardeur kan manipuleer sal wegjaag na die voete van Yeshua.
12. In die naam van Yeshua kanselleer en vernietig ek elke vloek, spel en betowering wat teen my gesê is en my lewe op 'n 666 altaar geplaas het.

## **666 demoniese onderdrukking**

### - **666 altare**

1. Vader, ek kom en gee my lewe in totaliteit aan U oor vandag.
2. Ek dank U vir Yeshua wat vir my gesterf het aan die kruis van Golgota.
3. Ek verklaar dat Yeshua Koning van my liggaam, siel en gees is.
4. Ek pleit die bloed van die Lam oor elke aspek van my lewe en toekoms.
5. Vader ek belei dat ek, wetend of onwetend, 666 altaare gebou het.

6. Vader ek kom vra vergifnis vir elke 666 offer en gebed wat ek gebring het om voorvader geeste, ons familie se sterkman, die territorial geeste oor ons, water geeste en heksery geeste te versterk en te vereer.
7. Vader ek vra dat U my sal vergewe dat ek die hekke van my lewe oopgemaak het vir hierdie 666 demoniese geeste.
8. Ek belei ook elke 666 ooreenkoms en verbond wat ek gesluit het met voorvader geeste, familiêre geeste, ons familie se demoniese sterkman, territorial geeste, water geeste en heksery geeste.
9. In die naam van Yeshua kanselleer en verklaar ek elkeen van hierdie 666 ooreenkomste, verbonde en altare nietig oor my bloedlyn.
10. In die naam van Yeshua kanselleer ek ook elke getuienis en aanklag wat gehoor kan word van elke offer wat ek op die 666 altaar geplaas het. Ek maak dit vandag stil met die bloed van die Lam.
11. Ek verbreek en kanselleer enige 666 toewyding van my lewe en toekoms wat reeds deur my voorvaders of ouers voor of na my geboorte gemaak is.
12. In die naam van Yeshua kom kanselleer ek ook elke 666 ritueel en seremonie wat by ons familie altare gemaak is om my lewe en toekoms te offer en toe te wy aan demoniese geeste.
13. Enige 666 toewyding op ons familie altaar van my lewe, toekoms, gesondheid, finansies of wat ookal van toepassing maar nie spesifiek hier genoem is nie, kanselleer en verbreek ek nou in die naam van Yeshua.
14. In die naam van Yeshua ontrek ek my hele lewe en toekoms van die manipulasie en beheer van hierdie 666 familie altare van die hemele, aarde en waters.
15. Ek distansieer myself van alle eiendom, prente, klere en afbeeldings wat my lewe voorstel op hierdie 666 familie altare. En ek vernietig elkeen van hierdie met die vuur van God.
16. Ek ontrek ook alle inligting oor en van my lewe en toekoms wat op familie altare van my pa of ma se bloedlyne geplaas is.
17. Deur die krag van die bloed van die Lam ontrek ek ook elke orgaan van my liggaam, my gedagtes, wil en emosies van hierdie 666 familie altare. Hierdie altare sal nie langer 'n houvas of invloed oor my hê nie.
18. Ek kanselleer en verklaar elke vloek en betowering oor my lewe, wat gekoppel is aan hierdie 666 familie altare van my pa en ma nietig, in die naam van Yeshua.
19. In die naam van Yeshua bind ek elke gees wat die reg het weens die 666 altare om my en my toekoms te monitor. Ek jaag hierdie geeste onder die voete van Yeshua in.

- **666 demoniese altare in my huis**

\*(huis verwys hier na jou huishouding maar ook jou bloedlyn/liggaam as huis van YHVH)

1. Vader, ek belei elke 666 aktiwiteit in my huis en bloedlyn voor U as sonde.
2. Ek kom vra omverskoning vir al die sonde van heksery, toordery en waarsêery in my bloedlyn.
3. Ek belei dat ek sonde altare van 666 opgerig het in my bloedlyn en huishouding.

4. Vader, vergewe en verwyder asb my sonde van haat, woede, jaloesie, moord (en die ander van toepassing, maar nie spesifiek genoem nie) uit my hart en lewe. Mag U genade vir my genoeg wees.
5. Ek kies vandag om alle 666 aktiwiteite in my huis voor U te belei as sonde en om myself los te sny daarvan.
6. Deur die bloed van die Lam kom vernietig ek elke bekoring, betowering en spel wat agt 666 altaare in my huis teen my lewe en toekoms opgebou is.
7. In die Naam van Yeshua roep ek elke eiendom, prent, kledingstuk, boek of geld (of enige iets anders van toepassing maar nie spesifiek genoem) wat begrawe is deur 'n 666 agent in my huis, terug en onttrek ek my identiteit hiervan. Ek brand en vernietig dit met die vuur van God.
8. Ek kanselleer en verklaar dat elke getuenis en 666 uitspraak van hierdie items op die altaar vernietig is oor my lewe en toekoms, in die naam van Yeshua.
9. In die naam van Yeshua breek ek my beroep, bediening, finansies en materiele seëninge los van hierdie 666 altaar se manipulasie en beheer oor my lewe en toekoms.
10. Deur die bloed van die Lam kanselleer ek elke 666 pyl wat afgevuur is teen my lewe en toekoms.
11. In die naam van Yeshua kanselleer ek ook elke offer wat aan water geeste, geeste van heksery en omgewings geeste gemaak is om my voorsiening te beperk.
12. Deur die bloed van die Lam kanselleer ek ook elke 666 offer en ritueel wat gedoen is deur 666 agente in my huis om my finansiële voorsiening te blok.
13. Deur die bloed van die Lam maak ek elke 666 uitspraak stil in die gees wat deur demoniese agtente in my huis gemaak is om my voorsiening te stop.
14. Ek verklaar in die naam van Yeshua dat die krag van YHVH die geestelike stoorkamers se deure sal oopruk waar die 666 agente van my huis my voorsiening en finansies gebêre het.
15. In die naam van Yeshua bind ek elke 666 hekwag wat oor my stoorkamers aangestel is in die gees. Ek verklaar wanorde oor hulle.
16. Deur die krag van YHVH onttrek ek my finansies en voorsiening uit die 666 stoorkamers wat deur die demoniese agente in my huis geberg is.
17. In die naam van Yeshua blok ek en verklaar ek dat die houvas van enige 666 sterkmans oor my geestelike stoorkamers vernietig is.
18. In die naam van Yeshua breek ek enige 666 slot waarmee my geestelike stoorkamers gesluit is.
19. YHVH, ek vra dat U, U engele sal stuur om my seëninge te gaan haal en dat U dit vir my sal terug gee.
20. In die naam van Yeshua ontvang ek graag my wonderwerke en deurbraak in die gees wat so lank van my gesteel is deur die demoniese agente in my huis.
21. In die naam van Yeshua kanselleer en vernietig ek enige ooreenkoms wat gemaak is deur 'n demoniese agent in my huis met die aarde, water, vuur en wind as elemente.
22. In die naam van Yeshua beveel ek elke element in die hemel, op aarde en in die waters om saam te werk met God se plan en doel vir my lewe.

## **666 Demoniese dagvaardigings teen jou**

1. In die naam van Yeshua kom kanselleer ek en kom maak ek die 666 stemme stil wat my naam in okultiese sirkels uitroep.
2. In die naam van Yeshua kanselleer ek die bekendstelling en blootstelling van my lewe aan dimoniese sirkels en 666 altare.
3. In die naam van Yeshua verklaar ek dat elke demoniese agent wat my gees roep na 'n 666 hof of huis, nou gebind is.
4. In die naam van Yeshua kanselleer ek enige regsuitspraak wat in die 666 hof teen my lewe en toekoms gemaak is.
5. Elke 666 uitspraak in my lewe van dood, armoede, frustrasie en enige ander van toepassing maar nie spesifiek genoem nie, kanseller ek in die naam van Yeshua.
6. Vader, ek vra U om U engele te stuur om my uit die tronk te kom haal waar die 666 agente my lewe en toekoms opgesluit het.
7. In die naam van Yeshua kanselleer ek elke betowering wat vir my voorberei is om my vrede te steel.

## **666 tekens**

1. Vader ek vra dat elke 666 teken op my voorkop deur die bloed van die Lam afgewas sal word.
2. In die naam van Yeshua verklaar ek dat elke voorgeslag 666 teken wat ek van my geboorte ontvang het nou deur die bloed van die Lam afgewas sal word.
3. Op dieselfde manier vra ek dat elke 666 teken van teenspoed in my lewe, besigheid en bediening verwyder sal word.
4. Ek kom vra ook dat die teken waarmee ek gemerk is wat maak dat ek baie laat eers sal trou met die bloed van die Lam afgewas sal word.
5. In die naam van Yeshua verklaar ek ook dat elke 666 teken wat as magneet in my lewe, besigheid en bediening werk, om teenspoed te bring, nou deur die bloed van die Lam afgewas word.
6. In die naam van Yeshua verklaar ek dat elke 666 verbond nietig is wat maak dat hierdie teken in my lewe krag het.
7. Elke 666 vloek wat krag het in my lewe agv 'n 666 verbond verklaar ek nou nietig deur die bloed van die Lam.
8. Yeshua, ek vra dat U as my skild en swaard sal kom om elke 666 teken van my lewe te verwyder.
9. Deur die bloed van die Lam verwyder ek elke 666 teken van verwerping oor my lewe.
10. So verwyder ek ook elke 666 teken van haat en bitterheid in my lewe.
11. In die naam van Yeshua breek ek ook elke dimoniese sirkel wat deur betowering 'n 666 teken op my wil plaas.
12. In die naam van Yeshua kanselleer ek ook elke teken wat op my geplaas is wat my uitwys as 666 eiendom in die gees. Ek verklaar dat ek aan Yeshua behoort.
13. Profeties kom was ek my met die bloed van die Lam sodat enige 666 teken wat maak dat demoniese agente my mag kom besoek, nie meer sal werk nie.

14. Ek breek in die Naam van Yeshua ook elke 666 teken oor my wat soos kettings werk om my lewe terug te hou.
15. In die naam van Yeshua kanselleer ek ook elke 666 teken op my lewe wat maak dat teenspoed en mislukking altyd oor my pad kom.
16. Ek kom plaas die bloed van die Lam as 'n skild oor my lewe wat my sal beskerm om nie weer met 'n 666 teken gemerk te word nie.
17. In die naam van Yeshua kanselleer ek die 666 tekens van dood oor my lewe.
18. Vader, ek loof U en sê dankie vir U 777 teken van beskerming en sukses oor my lewe.
19. Ek dank U vir die 777 teken van goedheid en guns oor my lewe.
20. Ek kom plaas die bloed van die Lam as 'n skild oor my huishouding in die Naam van Yeshua en verklaar in die gees: ek en my huis sal die Here dien.
21. Dankie dat ek vandag die 777 tekens van seëning, guns, vreugde, voorsiening en liefde myne kan maak in die Naam van Yeshua.

### **Gooi die 666 juk af**

1. In die Naam van Yeshua bind ek elke 666 gees in die hemele, op die aarde en binne in die waters wat my keer om te bid.
2. In die naam van Yeshua breek ek ook elke 666 blokkasie wat watergeeste in my pad sit sodat ek nie geestelike deurbraak kan ervaar nie.
3. In die naam van Yeshua bind en jaag ek alle 666 geeste wat bevryding blok, geeste wat voorsiening keer en die geeste wat my finansies vashou wat van onder die see en waters gestuur is vir hierdie doel. In die naam van Yeshua breek ek hierdie geeste se betowering en houvas oor elke area van my lewe.
4. In die naam van Yeshua en deur die vuur van YHVH kom brand ek elke sluier oor my lewe wat Satan en sy agente oor my geestelike sintuie geplaas het sodat ek nie deurbraak sal ervaar nie.
5. YHVH kom wys U 777 teenwoordigheid vandag in my lewe. In die naam van Yeshua brand ek elke 666 sak en hok wat gebruik is om my te vang en my voorsiening vas te hou en terug te hou.
6. In die naam van Yeshua belei en breek ek die houvas van elke 666 verbond wat ek, bewustelik of onbewustelik in die geestelike en fisiese realms of in drome gemaak het met water geeste, meermin geeste, dooie mens geeste en familiäre geeste gesluit het. Deur die bloed van die Lam kanselleer ek elke 666 ooreenkoms tussen my lewe en hierdie geeste.
7. In die naam van Yeshua breek ek die houvas en beheer wat familiäre geeste, meermin geeste, geestelike eggenote, dooie mens geeste, hekse, en enige ander 666 Sataniese agent oor my lewe het.
8. Met die vuur van YHVH verbrand ek alle 666 spieël, opnemer, kamera, sateliet en eiendom in die gees wat Satan gebruik het om my lewe, huwelik en bediening te monitor en te vernietig.
9. In die naam van Yeshua kom bind en vernietig ek die krag en manipulasie wat enige 666 regeerders en maghebbers, geeste, meermin geeste en alle water geeste oor my lewe en toekoms uitoefen. Ek verklaar dat pyle van YHVH se vuur hulle sal jaag en sal vernietig.

10. In die naam van Yeshua vernietig ek nou enige eiendom en DNA van my wat in die gees gebruik word deur Satan om my lewe te beïnvloed.
11. In die naam van Yeshua vernietig ek ook enige eiendom en DNA van my wat in en onder die water teen my gebruik word om my toekoms, voorsiening en bediening te vervloek. Ek verklaar dat die vuur van YHVH nou alles wat my kan verteenwoordig in die gees en teen my gebruik word soos prente, voorstellings, klere, skoolboeke, geld of DNA (asook alles van toepassing maar nie spesifiek genoem nie), nou sal vernietig.
12. In die naam van Yeshua vernietig ek ook alles wat teen my getuig in die geestes wêreld om my lewe en toekoms te beïnvloed en te vernietig. Ek maak hierdie stemme stil met die bloed van die Lam.
13. In die naam van Yeshua kom kanselleer en vernietig ek elke betowering, vloek, 666 gebed, drankie, spel en okultiese opdrag wat teen my lewe, huwelik, werk en bediening gerig is.
14. In die naam van Yeshua sny ek myself los van elke gees, bron of fontein, persoon en medium wat aan my kom haak het as gevolg van die 666 (okult) in my.
15. In die naam van Yeshua kom maak ek myself, my saad en my bloedlyn los van alle 666 erfposies in die gees, gevangenisskap, magte en kragte, geestelike, emosionele en fisiese siektes en vloeke wat op my 'n houvas het.
16. In die naam van Yeshua breek ek die volgende vloeke oor my lewe en saad wat wettige reg oor my het agt my sonde en ongeregtheid en kom breek en verloën ek elke gees wat hiermee verbind is.

Waarsêery en die soeke na geestelike leiding deur:

- speletjies (ojiborde, glasie-glasie, lig soos 'n veer, styf soos 'n bord, bloody Mary),
- betoweringe,
- kommunikasie met dooies,
- Kristal balle en kristalle,
- kontak punte op jou liggaam (soos skedel, voete en oë)
- handpalm lesings,
- astrologie, sterre voorspellings,
- visionêre drome,
- okkultiese tale,
- lees van koffiebone, teeblare, kerswas en bene.
- Tafels omgooi
- Outomatiese skryf en skilder
- Kanalisering van geeste
- Okkultiese feeste
- Vloeke en towerspreuke
- Wit en swart toorkuns
- Toorkuns wat water gebruik
- Wense
- Heksery
- Boeke met toorspreuke
- Liefde vir en aanbidding van moeder aarde

- Geheime ede en organisasies
- Voorbode en bygelowe
- Elektroniese speletjies soos dungeon and dragons asook films soos lord of the rings
- Lees van tarot kaarte
- Demoniese musiek
- Dwelms
- Vals geloofstelsels
- Feetjies en dwergies

17. In die naam van Yeshua kom belei ek namens myself en my bloedlyn my betrokkenheid by okultiese en satanistiese rituele soos orgies, tempel prostitusie, diere en mense offers, okkultiese feeste en seremonies, ede, bloed ede en verbonde met vals gode, waar ek my eie bloed geoffer het (cutting, mutilation) en my betrokkenheid by partytjies en seremonies waar Bacchus die god van drank vereer is.
18. In die naam van Yeshua breek ek elke vloek van Lusifer, satanism en vrymesselary oor myself en my toekomstige generasies.

### **Finansiële deurbraak**

1. Hemelse Vader, ek kom na U toe in die naam van Yeshua, en ek staan voor U vir myself, my dele, my saad, my bloedlyn van my pa en ma se kant asook namens my voorvaders in alle tyd, spasie en dimensie.
2. Voor U troon kom belei ek my ongeregtigheid en sonde waar ek traag was om my tiende te betaal en nie liefdesoffers wou gee nie. Ek belei dat ek lief is vir geld en my sekuriteit daarin vind, ek belei dat ek dobbel, bedrog pleeg en al gesteel het. Ek belei ook vandag dat ek skuldig is aan afgodery omdat ek Mammon en Baal dien met my denke en optrede ronom finansies.
3. Vader, ek vra dat U my sal vergewe dat ek soveel van my geld en voorsiening aan water geeste en bose see geeste geoffer het.
4. Ek kom vandag en deur die bloed van die Lam kom kanselleer ek hierdie offers en die gevolg daarvan in my bloedlyn.
5. In die naam van Yeshua kom kanselleer ek ook elke 666 verbond wat my voorvaders met water geeste en demoniese geeste gesluit het rondom voorsiening en finansies.
6. Deur die bloed van die Lam kom vernietig ek elke 666 transaksies wat onder die water gemaak is wat aan hierdie geeste wettige reg gegee het oor my finansies en voorsiening.
7. Deur die bloed van die Lam kom vernietig ek elke bewys van hierdie 666 verbonde wat met Satan gesluit is oor my bloedlyn rondom my finansies en voorsiening.
8. Ek belei dat my finansies gebruik is om Satan se koninkryk te bou en te bevorder. Ek vra dat die 666 effek daarvan op my saad deur die bloed van die Lam afgewas sal word.
9. In die naam van Yeshua kom kanseleer ek elke 666 toewyding van ons familie besigheid of finansies aan water geeste en demoniese geeste wat deur myself en of my voorvaders gemaak is.

10. Deur die bloed van die Lam kom herstel ek die finansiele strukture in my bloedlyn en roep ek elke seëning terug wat agv 666 verbonde van my gesteel is.
11. In die naam van Yeshua kanselleer ek elke bloedlyn vloek oor my finansies en voorsiening vir alles geslagte in die verlede, hede en toekoms.
12. Ek maak my finansies los van die houvas en regte wat watergeeste daarop het, in die naam van Yeshua.
13. YHVH, ek vra in die naam van Yeshua, dat U met U krag sal kom, en my finansies en voorsiening uit die maag van die slang sal haal.
14. Ek vra dat U ook deur U vuur elke demoniese hekwag of slang wat aangestel is om my skatkis in die gees op te pas sal vernietig, in die naam van Yeshua.
15. In die naam van Yeshua beveel ek hierdie skatkis om vir my en my familie oop te gaan.
16. Ek verklaar, van vandag af, dat voorsiening en skatte vrylik in my lewe sal invloei, in die naam van Yeshua.
17. Ek bid ook in die naam van Yeshua dat alle finansies en voorsiening wat aan my voorvaders behoort het, maar deur Satan toegesluit was in sataniese banke in die onderwêreld, aan my en my bloedlyn beskikbaar gestel sal word.
18. In die naam van Yeshua was ek hierdie finansies en voorsiening met die bloed van die Lam sodat geen 666 besoedeling meer daaraan sal vasklou nie.
19. In die naam van Yeshua bid ek ook teen die demoniese gees wat kom oes (grim reaper) wat aangestel is om my oes te kom steel. Ek vra dat die vuur van YHVH hom, sy mantel en sy sekel sal vernietig.
20. In die naam van Yeshua breek ek die seisoene van armoede, hongersnood en droogte oor my finansies, voorsiening en lewe.
21. Ek kanselleer ook elke vloek van armoede, tekort, bankrotskap en onvrugbaarheid oor my lewe en bloedlyn, in die naam van Yeshua. Ek bind en jaag elke gees onder Yeshua se voete in wat aangestel is om hierdie vloeke oor my lewe en toekoms in plek te hou.
22. YHVH, ek vra in die naam van Yeshua, dat U, U voorsiening oor my lewe sal oopsluit. Ek vra vir 'n uitstorting van U seëninge oor my lewe vanuit die skatkamers van die hemele.
23. In die naam van Yeshua vra ek dat my bloedlyn en familie se putte sal oopgaan sodat lewe gewende waters sal begin vloei sodat ons ook vir ander tot seën sal wees.

\*\* In die okkulte word daar profetiese offers op 666 altare gemaak teen jou. Dit is nodig om dit in die gees te vernietig.

In die naam van Yeshua en deur geloof kom breek ek elke demoniese sirkel om elke area van my lewe. Ek blaas die kerse wat in rituele teen my gebruik is dood. Met die bloed van die Lam kom was ek die bak waarin daar geoffer is. En verklaar ek dat Yeshua se bloed hierdie 666 offer bloed stil maak. Alles van my wat op hierdie altaar geplaas is, maak ek toe met die bloed van die Lam. Ek stuur die vuur van YHVH in die naam van Yeshua om die vals vuur onder die 666 altaar te kom uitbrand. En deur die krag en ouoriteit wat ek in Yeshua het kom breek ek die altaar af .

In die naam van Yeshua en deur die bloed van die Lam kom breek ek elke 666 houvas oor my bewussyn en onderbewussyn. Ek vra dat die engele van YHVH sal vooruitgaan om die dele van

my intellek, wil en emosies wat as gevolg van my betrokkenheid by al bogenoemde in gevangenisskap is, te gaan versorg en na my terug te bring.

Ek bind elke demoon wat nog dink dat hy 'n houvas oor my het en stuur hulle na die voete van Yeshua. Vader, ek vra dat U engele my sal kom lossny, opgrawe, oopsluit, afbreek van alle demone, toue, kettings, slotte, slange en 666 wortels, asook alles van toepassing maar nie spesifiek genoem nie, wat daar nog in my mag wees. Ek vra dat elke plek van gevangenisskap op aarde, onder die waters en in die hemele vernietig sal word met die vuur van God.

Ek verklaar dat die krag en liefde van YHVH Elohim by magte is om dit te kan doen.

Ek verklaar dat hierdie 'siekte' nie sal uitloop op die dood nie, maar dat dit die heerlikheid van YHVH sal weerspieël sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.

Ek verklaar dat ek die kop en nie die stert is nie.

Ek verklaar dat goedheid en guns my sal volg al die dae van my lewe.

Ek verklaar dat ek meer as oorwinnaar is in Yeshua.

Ek verklaar dat my vyeboom sal bot.

Ek verklaar dat strome lewende water uit my binneste sal vloei.

Ek verklaar dat ek 'n boom is geplant by water strome wat in seisoen sal vrug dra.

Ek verklaar dat ek tot alles in staat is deur Yeshua wat my krag gee.

In die naam van Yeshua, Amen!